Jakkie Louw

STELLENBOSCH Bands

Liedjies op die universiteit se rekenaarnetwerk. 'n Koshuistelefoon wat sê jy toer saam met Koos Kombuis. Selfs 'n musiekvideo verfilm in die JS Gericke Biblioteek. Stellenbosch is 'n musikale kookpot waar talentvolle studente prut en saam jam. WORTEL STRYDOM, 'n joernalistiek-student wat sê hy luister te veel musiek en haal nie spertye vir artikels nie, het na 'n hele paar keer se herinner gaan ondersoek instel.

Een aand in Tollies val dit my op dat die musiek in die agtergrond bekend is.
Vir my was dit eers nie vreemd nie, want kuierplekke speel mos dít waarna hul gaste graag luister. Ek kon 'n paar verse saamsing, het die refrein uit my kop geken. Oulike *band*, dink ek. Toe die volgende liedjie begin met " 'k het sewe jaar lank rondgereis, op 'n droewige ou kameel," slaan dit my: ek kén die ouens! Dis Isolasiehare. Bekend vir kampuswye treffers soos "Kagiso", "Sansu-krediete" en "Mabalel". Hulle is Maties en my tydgenote.

Stellenbosch is 'n natuurlike plek om in kunstig te wees. Die eikebome, die berge, die wyn. En dinge gebeur híér vir musikante vinniger as op ander plekke, meen Flippie du Plessis van DNA Strings. "Ons het op 'n Dinsdag bymekaargekom. Die Donderdagaand was ons eerste *gig*." Van daar het DNA Strings 'n bekende gesig op kunstefeeste geword en selfs op Ukkasie in Londen gaan draai.

Die groot konsentrasie kunstenaars op die dorp maak dit relatief maklik om 'n *band* aanmekaar te slaan en uit te brei. Danie Kotze, die Strings se viool-virtuoos, het glo een aand gesukkel om te swot omdat 'n woonstel in dieselfde blok as syne geraas het. Toe hy gaan stilmaak, vind hy Iwan Kemp as een van die sondebokke. Vandag is Iwan 'n volwaardige lid van die Strings. "Dit sal nie sommer in 'n plek soos De Aar gebeur nie," lag Flippie.

Jann Krynauw is 'n Kaapse aktuaris met 'n passie vir musiek. Hy speel tans in Delta Blue – een van die warmste *blues*-groepe in die land – en sê al die kunstenaars op Stellenbosch ken mekaar. Dikwels speel een of twee lede van een *band* saam met 'n ander *band*. Of musikante het verskeie projekte waarby hulle op dieselfde tyd betrokke is.
Só is Schalk van der Merwe terselfdertyd by Delta Blue en Bed on Bricks doenig. " 'n Mens *jam* maar baie rond," sê Jann wat ewe tuis op die mondfluitjie as agter die klavier is. Vroeër het hy ook saam met die akkoestiese rocker David Foster gespeel.

Foster – *Dave* soos sy vriende hom ken – het naam gemaak in die kroeë op die dorp deur gewilde kuierliedjies vir ekstra sakgeld te sing. Ná sy studies het hy meer tyd gehad om liedjies te skryf en kon hy voltyds musiek maak. Sy debuutalbum, *Flat to Round*, is 'n algemene gesig in Maties se CD-versamelings. En sy tweede is voor 'n lewendige gehoor in die Fismer-saal van die Konservatorium opgeneem.

"Rambo die Polisiehond" is Jakkie Louw se grootste treffer. En hy sê dit is deels te danke aan die universiteit se rekenaarnetwerk. Nadat hy die liedjie "sommer in die garage opgeneem het" is dit glo binne drie maande 15 000 keer van die netwerk afgelaai. Toe Jakkie een aand in 'n gewilde kuierplek op die dorp speel "sing hulle (die gehoor) elke woord saam".

Jakkie is een van die rare oud-Maties wat kan sê dat hy in Eendrag én Helshoogte gebly het. Hy onthou ook dat hy op 'n koshuistelefoon in Eendrag gehoor het hy gaan saam met Koos Kombuis op toer.

Willem Samuel van Black India, tans 'n kunsstudent, vertel dat hulle 'n musiekvideo in die biblioteek opgeneem het. En waarom juis daar? Omdat die groot vensters op die onderste vloer soos iets uit die ruimte-era lyk.

Die drie lede van Black India – Willem, Nic en Justin – het op kunspartytjies bymekaargekom nadat hulle ook saam met Hunter Kennedy (van Fokofpolisiekar-faam) gespeel het.

Zinkplaat se "plaasgeraas", soos dié vier (Bertie, Beitel, Basson en Beer) hul musiek noem, is alombekend op die dorp. So ook hul handelsmerk, want Zinkplaat t-hemde, pette en aansteekspelde is ietwat van 'n modebykomstigheid; daar is selfs spesiaal gebottelde wyn.

Basson, wat ook op die dorp skoolgegaan het, vertel van 'n landwye herlewing in plaaslike musiek wat in die

vervolg op bl 31

Beitel, Basson, Beer en Bertie van Zinkplaat is besig om groot spronge in die musiekbedryf te maak. Foto: Alet van Zyl

middel 1990's begin het. Stellenbosch was die spilpunt hiervan. Vandag kyk die mense graag *shows* en luister na musiek, maar koop nie so gretig CD's nie.

Beer sê die geheim lê in die baie *venues* op die dorp. Enige *band* sal een of ander tyd kans kry om te speel. Die konsentrasie jongmense in die omgewing veroorsaak dat "hulle jou sal ondersteun as jy goed is".

Meeste van die kunstenaars stem saam dat groepe van die dorp 'n kenmerkende klank het.

"Vars en onbesoedeld," is hoe Frieda van den Heever, 'n dramastudent en finalis in vanjaar se Crescendo, daarna verwys. Slagyster en Hanru Niemand was ook in die eindronde van dié kompetisie.

Jakkie praat van "Stellenbosch-rock". Hy sê dit is 'n *laid back*, meer mondfluitjie-georiënteerde tipe musiek met die invloed van Valiant Swart en Akkedis wat sterk deurslaan.

Verskeidenheid is daar beslis. Ván Idols (Heinz natuurlik) tot akkoestiese rock, van blues en *folk* tot plaasgeraas, is die herlewing in plaaslike musiek op 'n stewige voet in Matieland.

Maar die groot vraag: Het dit 'n negatiewe invloed op die akademie?

Ja, sê Flippie. Hy is 'n sesdejaar B.Rek-student.

Miskien, sê Beitel, maar dit maak die swottings meer draaglik.

Nooit! "Doen eerder minder dinge en *nail* dit," sê Jann die aktuaris.

m

Natuurlik mis ons 'n klomp *bands!* Skryf aan Matieland en gee jou mening hieroor en waarom jy dink Stellenbosch die teelaarde is van van die land se bekendste kunstenaars.
Skryf aan: Die Redakteur: Matieland, Bemarking en Kommunikasie, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, Matieland, 7602 of faks jou brief na (021) 808 3800 of stuur e-pos na media@sun.ac.za

Delta Blue – een van die warmste blues-groepe in die land

Besoek die bands hier

Jakkie Louw
www.jakkielouw.com
Zinkplaat
www.zinkplaat.com
DNA Strings
www.dnastrings.com
David Foster
www.davidfoster.co.za
Delta Blue
www.deltablue.co.za

Matie-gebou vernoem na oud-rektor

'n Voormalige rektor van die Universiteit, prof Mike de Vries, se nagedagtenis is herdenk met 'n gebou op kampus wat nou sy naam dra. Die Mike de Vries-gebou in Merrimanlaan huisves onder meer die Departement Fisiologiese Wetenskappe en Analitiese Chemie.

De Vries was van 1979 tot 1993 rektor van die US. Sy noue verbintenis met die US het in 1953 begin, toe die graad BSc (cum laude) aan hom toegeken is. Hy het ook sy MSc aan die US geslaag voor hy in 1959 sy doktorsgraad met lof behaal het aan die Albert Ludwig Universiteit in Freiburg, Duitsland.

In 1961 is De Vries aangestel as senior lektor in die Departement chemie aan die US. Hy was ook professor in fisiese chemie, dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe en viserektor. Hy was ook lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Suid-Afrikaanse Chemiese Instituut en die Suid-Afrikaanse Stigting. Hy was ook 'n direksielid van Naspers.

Nou's dit die Mike de Vries-gebou. Me Renée de Vries, vrou van wyle oud-rektor prof Mike de Vries, het die vernoemingsplegtigheid van die Mike de Vries-gebou op Stellenbosch waargeneem. By haar is prof Kathy Myburgh, voorsitter van die Departement Fisiologiese Wetenskappe, wat onder meer in die gebou gehuisves word.

Landbou en Bosbou kry nuwe naam

In pas met moderne neigings kry Landbou- en Bosbouwetenskappe in 2006 'n nuwe naam – die Fakulteit AgriWetenskappe.

"Studierigtings binne dié fakulteit bied baie meer loopbaanmoontlikhede as net boer of bosbouer. Aan die ander kant verg dit vandag baie meer om 'n suksvolle boer of bosbouer te wees as in die ou dae. Ons laat die wetenskappe werk tot voordeel van landbou en bosbou in die breedste moontlike sin," verduidelik prof Leopoldt van Huyssteen, dekaan van die fakulteit.

Moderne landbou en bosbou het 'n groot verantwoordelikheid om natuurlike hulpbronne en unieke biodiversiteit te bewaar en boonop het gesonde produkte en voedselveiligheid vanselfsprekende begrippe geraak.

"Ons volg 'n holistiese, toekomsgerigte, ekologiese benadering en elke departement binne die fakulteit is 'n kennisvennoot in eie reg van die bepaalde industrie of groep wat dit bedien. Daarom is die omvattende naam, AgriWetenskappe, so gepas," meen prof Van Huyssteen.

Fakulteit AgriWetenskappe